

***Seriphium plumosum* (= *Stoebe vulgaris*) Bankrotbos/Slangbos**



*Ondeurdringbare vestiging van Bankrotbos in 'n ou weiveld.*

**Beskrywing:** 'n digte, yl-vertakte houtagtige struik, grys van kleur, groei tot 1m in hoogte en breedte, dikwels met klein wit pofferige uitgroesels en klein bleek-blou blomme; moet nie met laventel of fynbos verwar word nie.



*Enkele bankrotbosplante*



*Wit uitgroeisels op die Bankrotbosplante*

**Oorsprong:** Waarskynlik van die Kaapse fynbosstreek, hoewel dit dalk nog altyd teenwoordig kon wees verder Noord, versprei deur oorbeweidings en deurdat dit uitgesluit is deur veldbrande, het dit vinnig migreer deur die Karoo en Noord-Kaap in die Vrystaat en Noord-Wes en nou in die Waterberg, waar dit wydverspreid voorkom in histories-oorbeweide gebiede.

**Voorkoms:** langs paaie en in oop grasvelde, veral langs die rande van oop vleilande en moerasse. Ernstige besmetting kom voor in baie ou weivelde en waar veld oorbenuit is.

**Hoekom dit 'n probleem is:** dit is onsmaklik vir vee en wild en wanneer dit in grasvelde gevestig is, word dit 'n ernstige indringer; in so 'n mate dat dit die agteruitgang van die veld veroorsaak, 'n ernstig-verminderde drakrag tot gevolg het (vandaar die naam "bankrotveld") en verlaag die totale biodiversiteit in die gebied. Die gevolg is bo-grond verswakking van die landgebied. Dit is ook hoogs ontvlambaar en vererger die verspreiding van onbeheerbare veldbrande.

As 'n inheemse struik, is dit nie nasionaal geregistreer as 'n verklaarde Indringerplant nie maar dit het 'n ernstige probleem in die semi-droë suurveld van die Waterberg geword en streng beheer moet, in die belang van die grondeienaar, toegepas word.

**Uitroei- / Beheermetodes:** Ongeag die metode wat aangewend word, is die beheer daarvan 'n langtermyn-proses, wat jaarlikse optrede moet insluit om hergroei uit te skakel en nuut-ontkiemde plante te verwyder. Dit is te wyte aan die veerkragtigheid van die wortelstelsel, in besonder, die sterk en diep gesetelde penwortel, wat die plant in staat stel om te oorleef tydens brande, afgesnyde of gedeeltelik uitgeroeide plantreste..

Fisiese verwydering deur uitgrawing is die sekerste manier om die plant uit te roei, solank die hele wortelstelsel, insluitende die penwortel, opgegrawe en verwyder word. Dit moet in die reënseisoen gedoen word, wanneer die grond klam genoeg is om die verwydering van die hele wortelstelsel moontlik te maak. Die verwyderde plantegroei moet in 'n oop gebied, waar dit nie na die omringende veld sal versprei nie, verbrand word. Maar terwyl die metode toepaslik is vir sporadiese voorvalle of klein erwe, is hierdie oplossing onprakties in die geval van digte of wydverspreide besmetting. Brande of om slegs die plante af te sny, met 'n gemonteerde bossiekapper op 'n trekker, sal nie die plante kan uitwis nie, intendeel, dit blyk of dié metodes herlewing bevorder. 'n Kombinasie van uitwissing deur 'n veldbrand in die laat winter, gevolg deur die bespuiting van die nuwe groei met onkruidodder (sien lys hieronder) in die lente, lewer suksesvolle resultate - mits daar 'n jaarlikse opvolg-behandeling gedoen word. Daar is baie voorbeelde in die Waterberg waar daar oënskynlik 'n onuitwisbare besmetting van die plant was, maar met doelbewuste herhaling van voorafgenoemde behandeling is die plante suksesvol uitgeroei. (Daar is ongelukkig heelwat voorbeelde van weivelde wat deur die onkruid ingedring gelaat is).

Onkruidodders moet vroeg in die seisoen toegedien word, veral onmiddellik na 'n doelbewuste brand of uitkapping. In groot oop gebiede, soos in die Vrystaat, word onkruidodders dikwels vanuit die lug toegedien, maar die onoordeelkundige gebruik van dié metode lei dikwels ook tot die uitkakeling van ander, nuttige en inheemse -, houtagtige plante. Alternatiewelik, word toediening per trekker, met die hand of met die behulp van knapsakspuite aanbeveel.

- Alle metodes vereis die byvoeging van 'n verspreidings- en benattingsmiddel; gebruik slegs die tipe wat deur die etiket gespesifiseer word;
- Alle onkruidodders moet gebruik word wanneer dit vars gemeng is (moenie die oplossing oornag laat staan nie).
- **Let Wel: Volg die instruksies, wat op onkruidodder-etiket aangedui word, baie noukeurig.** Baie onkruidodders is giftig vir ander plante en/of wild en vee, as dit onoordeelkundig gebruik word. (Wangebruik van onkruidodders is 'n kriminele oortreding in terme van Wet 36 van 1947).

Verskeie onkruidodders is geregistreer vir die beheer van die bankrotbos:

- **Forester** (voorheen bekend as "Climax") (metsulfuron metiel 600g/kg) (L8891): 'n benatbare poeier. Gebruik die benatter H & R Crop Oil (L6802)). Van toepassing op toediening op die blare.
- **Brush-Off** (metsulfuron metiel 600g/kg WG (L4535): 'n korrel-agtige poeier Gebruik met benatter EOS-olie en benattingsmiddel "Wetcit" deur dit met 'n knapsakspuit op blare van aktief-groeiende plante, vroeg in die somer, aan te wend.
- **Limpopo** (tebuthiuron 500g / l) (L7199): 'n suspensiekonsentraat.\*
- **Molopo** (tebuthiuron 500g/kg) (L5854): 'n suspensiekonsentraat. Verdun 1,5l in 8,5l water en wend in klein dosisse (1-2ml) aan, in die grond by die basis van elke plant, voor of tydens die reënseisoen. Die onkruidodder maak staat op die reënwater om dit tot by die wortels te dra.\*

\***Let Wel:** Tebuthiuron is 'n grondsterilant en kan omliggende houtagtige plantegroei beskadig vir etlike jare ná die toediening daarvan. Dit moet slegs onder toesig van 'n onkruidodder-spesialis gebruik word.

Tafelsout, wat deur sommige bronne aanbeveel word, word nie as 'n middel van die beheer van bankrotbos aangeraai nie, aangesien dit die grond se minerale samestelling, die pH en die verhouding van mikro-organismes affekteer.

### Bronnelys:

ARC-LNR *SAPIA News* : 28 (April 2013). LNR - Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Pretoria.  
[www.arc.agric.za](http://www.arc.agric.za)

Bromilow, Clive (2010): *Problem Plants and Alien Weeds of South Africa*. Briza. Pretoria

SA Koöp / SA Co-op Vol. 29 No 6, Augustus / September 2012.

Van Zyl, Kathy (samesteller) (2005): *Control of Unwanted Plants*. Xact Information, Pretoria.

Van Zyl, Kathy (samesteller) (2012): *Problem Plant Control Compendium*. AVCASA, Midrand ([info@croplife.co.za](mailto:info@croplife.co.za))

Spesiale dank aan Dr.Gerhard Verdoorn van Griffon Poison Information Centre, Mnr. Ferdie Jordaan van Arysta Lifescience en Me. Lesley Henderson van LNR vir hul waardevolle raad en leiding. Hulle entoesiastiese ondersteuning van hierdie vrywillige projek word opreg waardeer.